

# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 12/2023
24 Augustus 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*I firmly believe that any man's finest hour, the greatest fulfillment of all that he holds dear, is that moment when he has worked his heart out in a good cause and lies exhausted on the field of battle - victorious.*

*– Vince Lombardi*

Ons eerste rugbyspan het die laaste maand die noordelike deel van ons land deurkruis en het hulle harte uitgespeel in Mpumalanga, Limpopo en twee keer in Noordwes. Saterdag was hulle feitlik uit op hulle voete, maar het daarin geslaag om hul titel as kampioene van die SDC Noordvaal Cup teen Bergsig Akademie in Rustenburg te verdedig. Na elf maande se harde werk en menige struikelblok wat hulle moes oorkom, was dit 'n welverdiende oorwinning. Nogmaals geluk aan mnre Verster, Van der Merwe en Olivier asook elke speler in die groep met hierdie skitterende prestasie. 'n Verdere saluut aan elke leerder, ouer en onderwyser wat hulle deur die jaar ondersteun het. Die ondersteuners het die span Saterdag die laaste tien minute gedra.

In Vrouemaand het ons eerste meisiemuurbalspan ook nie op hul laat wag nie en is twee naweke gelede as die SA skolekampioen gekroon. Hulle het verlede jaar naelskraap tweede gekom en het hierdie jaar die bordjies verhang deur al hulle opponente oortuigend te klop. Ons is net so trots op ons o. 15-skaakspan wat Saterdag as naaswenners in Gauteng aangewys is.

Midstream College kook hierdie jaar op kultuurgebied. Gister het al drie Drama@Midstream se toneelgroepe in die ouditorium opgetree en hulle het hierdie maand reeds menige toekennings ontvang. Ons Ensemble en Melodia het ook reeds menige hart gewen en $A^{++}$'e verower. Indien julle hulle nog nie sien optree het nie, het julle voorwaar uitstekende vertonings misgeloop. Sterkte ook aan ons revue wat Vrydagaand aan die Kaleidoskoopfinaal in die Staatsteater deelneem.

Die koning is dood ... lank lewe die koning. Eerstens, wil ek Ashleigh, Tertius, die prefekte asook die res van die Midstreamraad van 2023 vir hulle onbaatsugtige diens en voorloop bedank. Tweedens wens ek graag Karla Alberts en Jahred Smit geluk met hul verkiesing tot hoofmeisie en hoofseun vir die nuwe termyn. Geluk ook aan die ander hoofleiers, prefekte en Midstreamraadslede. Julle het groot voetspore om vol te staan. (Die volledige lys verskyn later in hierdie nuusbrief.) Daar blyk ietwat verwarring rondom die verkiesingsproses te wees, en

daarom wil ek dit onomwonde stel dat hierdie 'n uitsluitlik demokratiese proses is en dat leerders in hul graad vir hul verteenwoordigers stem. Alle grade stem daarna vir die prefekte.

Met lente in die lug is leerders welkom om tot verdere kennisgewing óf winters- óf somersdrag te dra. Sterkte aan ons matrieks (en hulle ouers 😊) wat Saterdag met hulle rekordeksamen begin. Vasbyt, die einde is in sig, en mag julle ook op akademiese gebied oorwinning smaak – Carpe Diem!

## MIDSTREAMRAAD

| **Graad 8** | |
|---|---|
| Nicholas Beukes | Lizé Buys |
| Ernst Britz | Laurencia Malepe |
| Lukas Combrinck | Aphelele Mbatsha |
| Liwa Dada | Sebina Molebatsi |
| Rupert Groenewald | Cassidy Naicker |
| Gxolo Malik | Nika Nortjé |
| Thomas Langson | Lienke Ponting |
| Ethan Mahlangu | Lisa Rautenbach |
| Gabriel Mendes | Abigail Roberts |
| Kganya Motene | Lisa Strauss |
| Marco Smith | Hallé Thomas |
| Tristan van Heerden | Nicke Visser |
| **Graad 9** | |
| Musa Baloyi | Renate Barnard |
| Rikus Cilliers | Lindi Claassen |
| Dian de Villiers | Tia Clarke |
| Ivan Kotzee | Daniella de Vries |
| Paul Loubser | Cameron Holworthy |
| Malu Mahlangu | Kaylin Knoetze |
| Maarten Nortjé | Sagwati Manyike |
| Antimo Picone | Shiloh Masvanhise |
| Reuben Pienaar | Emma Otte |
| Daniël Reinecke | Carli Stander |
| Martin van Rooyen | Emma Steyn |
| Jonathan Wiseman | Jana Swiegers |
| **Graad 10** | |
| Alex Brits | Azaria Bagwandin |
| Wandele Cibi | Brigitte Beukes |
| Yanko Cronjé | Zaria Jeawon |
| Chad Dlamini | Courtney Langson |
| Henré Esterhuizen | Renate Maré |
| CA Froneman | Caitlin Marimuthu |
| Silethelwe Hadebe | Kamo Mokoene |
| Hlulani Hlaisi | Thando Ngwenya |
| Shivanth Lalla | Lufuno Ramarumo |

| | |
|---|---|
| Tsebo Lekalakala | Inara Ramlagan |
| Nicolas Mendes | Chelsey Strobel |
| Darius Nel | Masego Tau |
| Diashen Venketiah | Cristi van der Walt |
| Louis Verhoef | Kendra van Wyk |
| **Prefekte** | |
| Wihan Cilliers | Karla Alberts |
| Thinus du Toit | Annerine Bester |
| Leeunard Ehlers | Zané Boonzaaier |
| Luca Jankovic | Caitlin Bosman |
| Dian Jansen van Rensburg | Mieke Combrinck |
| Jaco Kriel | Ichika Dada |
| Jeanré Lourens | Isabelle Dekker |
| Louwtjie Maritz | Danyel Goatley |
| Sandile Modise | Tejal Hutheram |
| Kyran Nair | Kristen Knoetze |
| Mithil Ramkhelawan | Anika le Roux |
| Thabang Rammabi | Rea Machogo |
| Tristan Scholtz | Lea Manikas |
| Xander Senekal | Joy Masvanhise |
| Animesh Singh | Sande Mbatsha |
| Jahred Smit | Veronika Nesterova |
| Joshua Smith | Sedi Ngoasheng |
| Thomas Stofberg | Julia Potgieter |
| Xavier van der Leek | Danielle Rossouw |
| Stephan Venter | Gabriella Wiggill |

## KAMPE

Indien 'n leerder aan die kamp onttrek, is die volgende kansellasie-/terugbetalingsbeleid van toepassing:

- Kennisgewing van meer as 31 dae – 100%-terugbetaling
- 15 - 31 dae kennisgewing – 50%-terugbetaling
- 7 - 14 dae kennisgewing – 25%-terugbetaling
- Kennisgewing van minder as 7 dae – 0%-terugbetaling

# AKADEMIE

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL OLIMPIADE

Baie geluk aan die volgende leerders wat almal onder die top-10 in hierdie nasionale olimpiade was: Bianca Joubert (2^de^), Zoë Joubert (3^de^) en Lucka Nieuwenhuis (8^ste^).

# KULTUUR

## ENSEMBLE

Die Ensemble het aan die Noorderkruin Kunstefees deelgeneem en is met 'n A++ bekroon.

# DRAMA

## ATKV-TONEEL

Ons toneelgroep, *Viva la Resistance!* het verskeie toekennings tydens die streeksuitdunne verwerf. Hulle het brons vir ensemble, silwer vir produksie en regie en goud vir rekwisiete ontvang. Individuele toekennings wat gemaak is, is:

| Naam | Kategorie | Toekenning |
|---|---|---|
| Brendan Swanepoel | Hulpregisseur | Silwer |
| Isabel Kriel | Spel | Silwer |
| Annerine Bester | Spel | Silwer |
| Chanie van der Watt | Spel | Brons |
| Mieke Combrinck | Spel | Goud |
| Alika van der Merwe | Kostuums | Goud |
| Alika van der Merwe en Chanie van der Watt | Grimering | Goud |
| Hanro Pelser en Karla Storm | Verhoogbestuur | Silwer |
| Kendra van Wyk | Beligting | Goud |
| Bianca Joubert | Beligting | Silwer |

## NASIONALE EISTEDDFOD

Beide *Viva la Resistance!* en *Sinne.loos* het beide 'n platinum diploma vir hulle optrede tydens die eisteddfod ontvang en ons Engelse drama *The Invitation* het 'n goue toekenning ontvang.

# REDENAARS

Geluk aan die volgende leerders wat aan die Oppie Tong Af-redenaarskompetisie deelgeneem het:

| Leerder | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| Lisa Rautenbach | 8 | A+ & A+ |
| Milan Pöhl | 8 | A++ |
| Adam Marincowitz | 8 | A+ |
| Ivan Kymdell | 8 | A++ |
| Lukas Combrinck | 8 | A++ |
| Lené Liebenberg | 9 | A++ & A+ |
| Kaylin Knoetze | 9 | A+ |
| Lin-Mari Rudolph | 9 | A+ |
| Carli Stander | 9 | A++ |
| Kaylin Knoetze | 9 | A++ |
| Megan le Roux | 9 | A+ |
| Lente Groenewald | 10 | A++ |
| Anika Malan | 10 | A++ |
| Katinka Rhoodie | 10 | A++ |
| Lente Groenewald | 10 | A+ |
| Louis Verhoef | 10 | A |
| Merike Kriel | 10 | A |
| Tiana Swart | 10 | A++ |
| Zoë Oosthuisen | 10 | A++ |

| | | |
|---|---|---|
| Kristen Knoetze | 11 | A++ & A+ |
| Cara-Renette Ponting | 11 | A+ |
| Mieke Combrinck | 11 | A++ |
| Ntee Puling | 11 | A+ |
| Ingrid Barnard | 12 | A++ |
| Chanie van der Watt | 12 | A |
| Simoné Swart | 12 | A+ |

Die volgende leerders het aan die Engelse afdeling van die Oppie Tong Af-redenaarskompetisie deelgeneem:

| Naam | Graad | Simbool |
|---|---|---|
| MH Sahib | 8 | A++ |
| Lisa Strauss | 8 | A+ |
| Lisa Rautenbach | 8 | A++ |
| Mandisa Molebatsi | 9 | A+ |
| Lin-Mari Rudolph | 9 | A+ |
| Emily van Blerk | 9 | A |
| Kashvi Chathury | 9 | A+ |
| Lené Liebenberg | 9 | A+ & A+ |
| Kelsie Moses | 9 | A+ |
| Onalerona Rabotho | 10 | A |
| Wandele Cibi | 10 | A |
| Lesetja Makgoka | 10 | A+ |
| Phuluso Singo | 10 | A++ |
| Alex Brits | 10 | A+ |
| Lufuno Ramarumo | 10 | A+ |
| Sam Selana | 10 | A+ |
| Imani Ravhuhali | 10 | A+ |
| Caitlin Marimuthu | 10 | A+ |
| Dayuri Moopanar | 10 | A |
| Shihlovo Msindo | 10 | A+ |
| Courtney Langson | 10 | A+ |
| Chad Dlamini | 10 | A+ |
| Ntee Puling | 11 | A |
| Kristen Knoetze | 11 | A+ |
| Nisha Gwindiri | 11 | A+ |
| Bhambatha Mbhele | 11 | A+ |
| Jordan Sathyanandam | 11 | A+ |
| Reabetswe Machogo | 11 | A++ |
| Animesh Singh | 11 | A+ |
| Joy Masvanhise | 11 | A+ |
| Sedibana Ngoasheng | 11 | A++ |
| Ciàna Chetty | 11 | A+ |
| Noluthando Khomo | 12 | A++ |
| Benita Mwambenu | 12 | A+ |

Sterkte aan Lené Liebenberg, Katinka Rhoodie en Phuluso Singo wat binnekort aan die landswye finaal gaan deelneem.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolkultuuraktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za ) te stuur.

### REDENAARS

Lukas Combrinck in graad 8 is as die Gauteng-wenner van die graad 8 Afrikaans Huistaal Voorbereide Afdeling van die Radikale Redenaarskompetisie aangewys. Hy neem gedurende Oktober deel aan die landswye finaal.

### SANG

Ruben en Milan Pöhl het Saterdagaand tydens die Kraal Kunstefees die toekenning gewen vir die beste senior duet.

### DANS

Elmarie Lubbe het die afgelope naweek aan die South African Body of Dance se Nasionale kompetisie deelgeneem en 2 goue en 3 silwer sertifikate ontvang. Sy is in die SA span ingesluit wat gedurende November by die wêreldkampioenskap in België gaan deelneem.

# SPORT

## MUURBAL

Ons meisiespan (Awande Malinga, Kiara Poole, Elzandri Janse van Rensburg, Anushka Janse van Rensburg, Namratha Eswari Niranjan en Cassey Kemp) is die SA Top Schools kampioene! Hierdie nasionale skoletoernooi word sedert 1984 aangebied en Midstream College is die eerste meisiespan van Gauteng-Noord wat die titel as SA kampioene kon verower. Die toernooi-uitslae is as volg:

| Opponente | Provinsie | Uitslag |
|---|---|---|
| Eunice | Vrystaat | 20 – 0 |
| Epworth | KZN | 20 – 1 |
| Herschel | Wes-Kaap | 20 – 0 |
| Clarendon | Oos-Kaap | 20 – 1 |
| St Anne’s | KZN | 19 – 3 |

Ons is ewe trots op die muurbalspelers wat aan die Nasionale Growthpoint toernooi in Kaapstad deelgeneem het.

| Ouderdomsgroep | Speler | Posisie |
|---|---|---|
| o. 15 Meisies | Elzandri Janse van Rensburg | $2^{de}$ |
| o. 15 Meisies | Anushka Janse van Rensburg | $6^{de}$ |
| o. 17 Seuns | CA Froneman | $5^{de}$ |
| o. 19 Meisies | Awande Malinga | SA kampioen |

## MEISIESHOKKIE

Ons 1ste span eindig algeheel 10de in die Noordvaal A-toernooi in Potchefstroom. Die o. 16A-span eindig 9de in die Noordvaal A-toernooi in Tzaneen en die o. 15A-span eindig 5de by die Noordvaal B-toernooi in Ermelo. Baie geluk aan al die meisies en in besonder die o. 14A-span wat 3de by die Noordvaal A-toernooi in Krugersdorp geëindig het. Dit is die beste wat ons A-spanne nog ooit in hierdie interprovinsiale toernooie gevaar het.

| Span | Wedstryd 1 | Wedstryd 2 | Wedstryd 3 | Wedstryd 4 | Wedstryd 5 | Wedstryd 6 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| o. 14A | EG Jansen 4 – 2 | Middelburg 5 – 0 | Noordheuwel 0 – 3 | Kemptonpark 5 – 0 | Monument 2 – 3 | Middelburg 3 – 2 |
| o. 15A | Lichtenburg 3 – 2 | Frikkie Meyer 0 – 0 | PHSG 3 – 0 | Pietersburg (Verloor: 8 sek.) | Pionier (Wen: 8 sek.) | Montana 5 – 0 |
| o. 16A | Monument 2 – 0 | Middelburg 1 – 2 | Hugenote 1 – 5 | | Dinamika 2 – 0 | Eldoraigne 3 – 0 |
| 1ste | Potch Gim 2 – 2 | Pietersburg 0 – 4 | Hugenote 3 – 0 | HTS Witbank 2 – 1 | PHSG 1 – 0 | Kemptonpark 0 – 2 |

## RUGBY

Die uitslae van die semifinaal van die SDC Noordvaal Cup is as volg:

| Span | Opponente | Plek | Telling |
|---|---|---|---|
| o. 14A | Wagpos | Brits | 15 – 31 |
| 1ste | Potch Gimnasium | Potchefstroom | 42 – 26 |

Die o. 14A-span het 'n besondere seisoen beleef en ons is baie trots op die feit dat hulle so ver as die semifinaal gevorder het.

Baie geluk aan die 1ste span wat Bergsig Saterdag in die eindstryd van die SDC Cup in Rustenburg met 20 – 15 geklop het. Midstream het verlede jaar ook die toernooi gewen. Wat vanjaar se prestasie besonders gemaak het, was dat die laaste vier wedstryde weg gespeel moes word. Hierdie span het 32 agtereenvolgende wedstryde gewen en die laaste keer wat hulle 'n wedstryd verloor het, was in April 2022.

## RUITERSPORT

Baie geluk aan die ruiters wat gekies is om Gauteng by die SANESA Nasionale Kampioenskap in Kyalami te verteenwoordig.

| Ruiter | Item | Plek |
|---|---|---|
| Kiara Kok | Show jumping 70 cm | A |
| Kynan van Zyl | Working hunter 70 cm | A |
| | Working hunter 90 cm | B |
| | Show jumping 100 cm | B |
| | Show jumping 80 cm | B |
| | Dressage | C |
| | Vaulting | A |
| | Eventing 75 cm and 85 cm | A |

| | | |
|---|---|---|
| Michelle du Preez | Working riding<br>Performance riding | A<br>B |
| Jodi Slade | Equitation<br>Working hunter<br>Show jumping | A<br>B<br>B |
| Louis Verhoef | Dressage Elementary medium | B |
| Daniella de Vries | Eventing | B |

## LANDLOOP

Hier onder volg die uitslae van die laaste twee spankompetisies:

| | Liga 3 (PBHS) | | Liga 4 (Curro Hazeldean) | |
|---|---|---|---|---|
| Afdeling | Meisies | Seuns | Meisies | Seuns |
| Juniors | 8ste | 16de | 9de | 11de |
| Seniors | 8ste | 6de | 6de | 7de |
| Algeheel | 7de | 10de | 8ste | 9de |

Beide ons meisies en seuns het vir die Noordvaalskole-finaal by die Noordwes Universiteit Vaalkampus gekwalifiseer.

Die Gauteng-Noord Kampioenskap van verlede naweek se uitslae is volg:

| Afdeling | Atleet | Plek |
|---|---|---|
| Meisies o. 14 | Carmia van den Berg | 8ste |
| Meisies o. 16 | Jané Male<br>Lente Groenewald | 15de<br>18de |
| Meisies o. 17 | Zabine von Westernhagen | 13de |
| Seuns o. 14 | Rupert Groenewald | 3de |
| Seuns o. 16 | Déan Fourie | 16de |
| Seuns o. 17 | Xavier van der Leek<br>Juan Breytenbach | 4de<br>14de |
| Junior mans 2km | Eben de Wit | 5de |

## BERGFIETS

Die top-20-bergfietsuitslae van die resies by HTS John Vorster is as volg:

| Afdeling | Ryer | Plek |
|---|---|---|
| Sub-junior Meisies | Nika Nortjé<br>Kathleen de Kock | 1ste<br>11de |
| Jeug 16 Meisies | Sarah Heher<br>Jané Male | 5de<br>8ste |
| Junior 18/19 Meisies | Lucy Carroll | 5de |
| Sub-junior Seuns | Rupert Groenewald<br>Ivan Kymdell<br>Aydan Benade | 7de<br>17de<br>18de |

| | | |
|---|---|---|
| Jeug 15 Seuns | Michael Gray<br>Xandré Pretorius | 17de<br>18de |
| Jeug 17 Seuns | Sebastian Bruyns | 7de |
| Junior 18/19 Seuns | Pieter van Eeden<br>Eben de Wit | 9de<br>16de |

## KRIEKET

Die eerste Midstream T20 Smash ooit, is suksesvol afgesluit. Die algehele wenners was die HealthChem Wolves wat die Pallidus Rhinos in die finaal geklop het. By die prysuitdelingsfunksie is die volgende individuele toekennings gemaak:

- Pers pet vir die meeste paaltjies: Alex Jooste (Midstream College Primêr) van die HealthChem Wolves, met 6 paaltjies.
- Oranje pet vir die meeste lopies: Maarten Nortjé van die Pallidus Rhinos, met 257 lopies.
- Geel pet vir die hoogste treftempo: Gerhard van der Westhuizen van die Midteam Foxes met 198.8.
- Pienk pet vir die mees ekonomiese bouler: Jonathan Wiseman van die HealthChem Wolves met 3,6 lopies per boulbeurt.

Uitslae van die afgelope twee weke:

| Opponent | Uitslae | Kommentaar |
|---|---|---|
| 1ste | | |
| Sutherland | Sutherland 172/10<br>Midstream 173/7<br>Wen met 3 paaltjies | Heinrich Gerber 36<br>Gerhard van der Westhuizen 41 n.u.n.<br>Luke Wiseman 3/40 in 5 beurte |
| Hans Moore | Hans Moore 314/7<br>Midstream 107/10<br>Verloor met 207 lopies | CA Froneman 2/40 in 8 beurte |
| Laudium | Laudium 70/10<br>Midstream 73/7<br>Wen met 3 paaltjies | Heinrich Gerber 2/18 in 4 beurte<br>Jean Holtzhausen 2/7 in 7 beurte |
| 2de | | |
| Uitsig 1 | Uitsig 212/8<br>Midstream 184/10<br>Verloor met 28 lopies | Grant Muller 1/37 in 4 beurte & 67 n.u.n. |
| AHS 3 | AHS 379/5<br>Midstream 195/8<br>Verloor met 184 lopies | Christoff van den Berg 3/42 in 8 beurte<br>Erik Meyburgh 40<br>Christian Olwagen 34 |
| 3de | | |
| Garsfontein 4 | Midstream 79/10<br>Garsfontein 80/3<br>Verloor met 7 paaltjies | |
| Menlopark 4 | Menlopark 241/3<br>Midstream 111/10<br>Verloor met 130 lopies | Grant Muller 2/10 in 3 beurte |

| o. 15A | | |
|---|---|---|
| Hans Moore | Hans Moore 181/10<br>Midstream 182/1<br>Wen met 9 paaltjies | Christian Olwagen 2/31 in 10 beurte<br>Dian de Villiers 2/13 in 4 beurte<br>Rikus Cilliers 2/33 in 10 beurte<br>Maarten Nortjé 99 n.u.n.<br>Wian de Bruin 56 n.u.n. |
| Laudium | Midstream 207/10<br>Laudium 89/10<br>Wen met 118 lopies | Rikus Cilliers 4/29 in 10 beurte |
| **o. 15B** | | |
| AHS C | AHS C 206/8<br>Midstream 100/8<br>Verloor met 107 lopies | Fouche Strydom 4/33 in 4 beurte<br>Ethan Poggenpoel 3/25 in 4 beurte<br>Liam van Rooyen 56 |
| Zwartkop C | Zwartkop C 179/6<br>Midstream 132/7<br>Verloor met 48 lopies | Liam van Rooyen 2/35 in 4 beurte<br>Darius Oberholzer 3/32 in 3 beurte<br>Francois Senekal 66 |
| **o. 14A** | | |
| E G Jansen | Midstream 198/7<br>EG Jansen 202/7<br>Verloor met 3 paaltjies | Dylan Coleridge 58<br>Marco Smith 67<br>Matthew Wiggill 3/29 in 7 beurte<br>Zac Lentoor 3/29 in 4 beurte |
| Wonderboom | Midstream 286/6<br>Wonderboom 58/10<br>Wen met 228 lopies | Tehan Maré 87<br>Ruben Howatt 46<br>Matthew Wiggill 2/7 in 2 beurte<br>Zac Lentoor 2/0 in 1 beurt<br>Johann Boshoff 2/17 in 5 beurte |
| **o. 14B** | | |
| Montana | Midstream 71/10<br>Montana 72/2<br>Verloor met 8 paaltjies | O'neile Nyoni 18 n.u.n.<br>Stefan Jute 1/13 in 2 beurte |
| Waterkloof C | Waterkloof 167/8<br>Midstream 97/10<br>Verloor met 70 lopies | O'neile Nyoni 3/26 in 3 beurte<br>Zac Lentoor 19 |

## SAGTEBAL

Onlangse uitslae is soos volg:

| Span | Wagpos | CR Swart | Eldoraigne |
|---|---|---|---|
| o. 14A | 14 – 3 | 13 – 4 | |
| o. 14B | | | 13 – 6 |
| o. 14C | | | 10 – 5 |
| o. 14D | | | 7 – 20 |
| o. 15A | | 11 – 2 | |
| o. 15B | | 0 – 18 | 3 – 13 |
| o. 16A | 13 – 3 | 14 – 3 | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| o. 16B | | 6 – 12 | 8 – 15 |
| o. 19A | 7 – 4 | 7 – 4 | |
| o. 19B | | 7 – 10 | 12 – 10 |
| o. 19C | | | 9 – 13 |

Baie geluk aan Tiego Lebudi (o. 19) en Kayla Kotze (o. 15) wat tot die finale distriksproewe deurgedring het.

## GHOLF

Tydens die tweede rondte ligawedstryde het die 1ste span derde geëindig, terwyl hulle die derde rondte gewen het. Die 2de span het Menlopark in hul ligawedstryd geklop. Baie geluk aan Ruben-hein Churr met sy insluiting in die Gauteng-Noord o. 18-span wat gedurende die Septembervakansie aan die interprovinsiale toernooi deelneem.

## SKAAK

Die o. 15-span het Linden verlede naweek geklop om die silwer medalje by die Gautengse topskole-toernooi in te palm. Beide Luke Reyneke en Jacques Myburgh was onoorwonne op die dag.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat uitblink in nie-skoolsportaktiwiteite. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

### TENNIS

Jayden Summers het verlede week baie goed gevaar in die internasionale J30-toernooi in Botswana.

### SAALPERDRY

Carmia van der Berg is vir die Gauteng-Noord-span gekies om aan die einde van Augustus aan die Protea-proewe in Parys deel te neem.

### SWEM

Uitslae van verlede naweek se swemmers wat aan die SA Kortbad Kampioenskap in Somerset-Wes deelgeneem het:

| Naam | Finale | Plek |
|---|---|---|
| Lance Cromhout | 2 x A-finaal | 4de 100 m-rugslag<br>3de 200 m-rugslag<br>3de 400 m-wisselslagaflos |
| Adrian van Wyk | 2 x A-finaal<br>1 x B-finaal | 4de 200 m-rugslag<br>7de 100 m-rugslag<br>14de 100 m-vryslag<br>4de 4 x 100 m-vryslag |
| Jemma van Wyk | 1 x B-finaal | 10de 200 m-vryslag |

| | | |
|---|---|---|
| Jana Swiegers | 3 x B-finaal | 13de 200 m-rugslag<br>15de 50 m-rugslag<br>17de 100 m-rugslag |
| Grace Powell | 2 x B-finaal | 16de 100 m-IM<br>20ste 50 m-vlinderslag |

# ALGEMEEN

## SPRINGFEST




**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 7 September 2023